**10 Augustus**

**Jou hoop lê by God wat jou sonde vergewe**

**Skrifgedeelte: Job 27:1-23**
**Fokusgedeelte: Job 27:8**

Menigmaal ervaar jy dit dalk dat jy sekere gebeure in jou lewe wil koppel aan sekere sondes wat jy gepleeg het. Of dit mag dalk wees dat, as daar iets fout gaan, jy vra wat jy nou weer gedoen het.

Dit is die beskuldiging wat Job se vriende teenoor hom inbring ná die gebeure in hoofstukke 1 en 2. Maar Job wil dit nie aanvaar nie. Hy weier om een oomblik te glo dat die fout by hom lê.

Hoekom sê hy so? Hy is ’n gelowige. Vir jare lank al dien hy die Here. Hy ken die Here persoonlik, en daarom kan hy in vers 5 sê: “Daarom kan ek nooit toegee dat julle reg het nie ...” Vir die goddelose is daar geen hoop nie, geen toekoms nie, geen vooruitsig nie. Daarom vra hy in vers 8 watter hoop het die goddelose. Vanaf vers 9 tot aan die einde van die hoofstuk bewys hy dit dan in wat daar geskryf staan.

Maar vir die gelowige lyk die prent anders. Daar is hoop. God straf nie elke sonde wat ’n mens doen met ’n spesifieke gebeurtenis nie. Wat van belang is, is die feit dat hy wel erken dat dit wat gebeur het, van God af kom. God is in beheer, en daarby staan hy vas. Daar sal geen onwaarheid uit sy mond kom nie, net soos ons lees in 1: 22 en 2: 10.

Jou vertroue op die Here moet van so aard wees dat jy moet besef dat God in beheer is van alles wat in hierdie wêreld, en in jou lewe, gebeur. Maar jy moet ook weet dat Jesus Christus sy lewe vir jou afgelê het terwyl jy nog sondaar was. God is nie daarop uit om jou sonde te straf nie. Inteendeel, Hy is getrou en regverdig en is bereid om jou sonde te vergewe as jy dit teenoor Hom bely. In die geloof lewe jy dan met ’n skoon gewete voor die Here en weet jy dat jy alreeds vergifnis vir jou sondes ontvang het.

Vertrou dan dat wat ook al met jou gebeur, die Here jou deur elke krisis sal dra, net soos Job, en waar Hy aan die einde van die boek hom dubbeld geseën het. Dan kan ons verstaan as Jakobus vir ons sê: “My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard” (Jak. 1:2-3).

*Sing: Psalm 62:1, 8 (Totius)* *Ds. Neville Boy (Drieviersboom)*